

Die Woestyn Heiligdom




Geskryf deur Susanna Roberts

Die Woestyn Heiligdom

deur

Susanna Roberts



Illustrasie deur Trenton en Daniel Roberts,
Joe Maniscalco en enhanced public domain pictures

©2016 BIBLEPICTUREPATHWAYS.COM

Geen afskrifte vir kommersiële doeleindes nie.

Vertaal deur LIGINDUISTERNIS.COM en vriende.


Kort nadat hulle Egipte verlaat het, het God vir Moses en die Israelite die plan gegee om 'n spesiale tent te bou. God het gesê, *“Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.”* Die spesiale tent was of die tabernakel of heiligdom genoem.



Die heiligdom op die aarde was n model of 'n miniatuur. Miskien het jy klein model motortjies wat lyk soos die groot motor wat jou ouers ry of miniatuur speelgoed diertjies wat soos werklike diere lyk. Die heiligdom wat hulle moes bou was 'n klein model van die heiligdom wat bo in die hemel is.

Die mense was bly om offergawes aan God te gee.

Pappas en mammas, seuns en dogters het baie geskenke gebring sodat hulle die heiligdom kon bou. Hulle het met vreugde fyn linne, ramsvelle, en bokhare gebring. Hulle het ook juwele van goud en silwer en spesiale stene gebring. Party van hulle het koper en spesiale stukke hout, speserye, en olie gebring.



Ons moet ook met vreugde ons offergawes vir Jesus bring. Hierdie mense was so bly om te help dat hulle sommer gou meer as genoeg materiaal gehad het om die heiligdom te bou.

God het vir die mense kennis en kunsvaardigheid gegee sodat hulle die heiligdom mooi kon maak. Vrouens en mans het lappe gespin en het spesiale gordyne geweeft. God het twee spesiale mans gekies om die meubels van die heiligdom te bou. Die een se naam was Besáleël en die ander een se naam was Ohóliab.




God het hulle gehelp sodat hulle kon weet hoe om voorwerpe uit hout te kerf en te maak, en hoe om goed uit metaal te maak. Hy het ook vir hulle geleer hoe om klippe te sny en in te lê. God het hulle met alles gehelp wat hulle moes weet om die heiligdom te bou. God belowe om jou ook te leer, indien jy Hom vra.

Omdat die Israëliete rond getrek het, het God die woestyn heiligdom so gemaak dat dit maklik uitmekaar gehaal kon word en weer aanmekaar gesit kon word, nes 'n tent vir kampeering. Elke keer as die Israëliete vir n tydjie gestop het, het hulle die heiligdom opgeslaan.




Wanneer hulle getrek het, het hulle dit saam met hulle gedra. Party van die dele van die heiligdom het hulle op hulle skouers gedra en sommige op ossewaens. God het spesiale mense gekies wat gehelp het om na die heiligdom om te sien. Hulle was Leviëte genoem.

Die heiligdom was in drie hoof afdelings opgedeel. Dit het 'n werf gehad net soos jou huis moontlik ook 'n werf het. Dit was die voorhof genoem. Die voorhof was buite om die tabernakel tent.



Die tabernakel tent het net twee kamers gehad. Die een kamer was die Heilige Plek genoem en die ander kamer was die Allerheiligste Plek. Daar was 'n pragtige gordyn tussen die twee kamers. Wanneer die Israeliete die tabernakel opgeslaan het, was die Allerheiligste Plek altyd aan die Weste kant. Die Westelike kant is waar jy die mooi sonsondergang in die aand kan sien.

Daar was n wit gordyn rondom die voorhof. Die gordyn was gemaak van linne, 'n spesiale soort lap. Die linne gordyn het aan koper pale gehang, net soos 'n heining aan heiningpale. Koper lyk amper soos 'n blink stukkie geld.



Die voorhof was een honderd el lank en vyftig el breed.

In die Bybel se tyd, het hulle in die plek van n maatband met hulle hande en arms gemeet. 'N El was die lengte van 'n man se elmboog tot sy vinger se punt.




Elke pilaar of paal in die voorhof het 'n voetstuk van koper gehad. Bo op die pilaar was n klein hoedjie of kapitele wat van silwer gemaak was. Silwer lyk baie soos 'n blink lepel of vurk.




Die ringe en hakkies van die pilare was ook van silwer gemaak. Penne van koper was gebruik om in die grond te slaan, soos tent penne met lyne of toue om te help dat die pilare regop sal staan.

Net soos Jesus die enigste weg hemel toe is, was daar net een manier om in die voorhof in te kom. Jesus het gesê *“Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”* Die opening van die voorhof was aan die ooste kant. Oos is waar die son in die oggend opkom.




Die opening was 20 el breed. Dit was aan vier koper pilare gehang net soos die res van die voorhof. Die gordyn van die opening was gemaak van wit, blou, pers en helder rooi. Die gordyn was versier met spesiale naaldwerk.

In die voorhof was twee stukke meubels. Die eerste meubelstuk was die brandofferaltaar genoem. Dit was amper soos 'n koolstoof of 'n kaggel, want daar het altyd 'n vuur in dit gebrand.



Wanneer die mense iets verkeerd gedoen het moes daar 'n lam geslag gewees het en op die altaar geoffer word. Dit het die mense herinner dat Jesus, die "*Lam van God*", eendag sal sterf om hulle sondes weg te neem. Ek is bly dat Jesus vir ons gesterf het en weer op gestaan het, sodat ons eendag hemel toe kan gaan.

Die altaar was vierkantig en van hout gemaak wat met koper oor getrek was. Die altaar was hol binnekant. In die middel was 'n rooster vir die vuur om op te brand. Daar was horings op die vier hoeke van die altaar. Die altaar het spesiale potte, grawe en vurke gehad wat ook van koper gemaak was.



Die altaar het vier ringe gehad wat aan hom vas gehaak was. Hierdie ringe was gebruik om die spesiale stokke vas te hou wat genoem was draaghoute, sodat die altaar gedra kon word.


Die volgende meubelstuk in die voorhof was 'n waskom. Dit was amper soos 'n groot wasbak. Die waskom en sy voetstuk was van koper gemaak. Dit was van die spieëls gemaak wat die vrouens met vrolikheid gegee het, om te help met die bou van die heiligdom.



Die priesters het die water gebruik om van die diere te was wat gebruik was vir die offerings. Hulle het ook die water in die waskom gebruik om hulle self te was. Hulle moes hulle skoene uittrek en hulle hande en voete gewas het voordat hulle in die tabernakel tent kon in gaan.


By die voorste opening van die tabernakel tent was daar vyf pilare. Hierdie pilare se voetstuke was van koper. Die pilare was van hout gemaak wat met goud oorgetrek was. Die pilare het stewig en reguit gestaan.

Net soos die pilare reguit en stewig gestaan het, behoort seuns en dogters wat lief is vir Jesus, vas te staan vir wat reg en goed is.




'n Pragtige gordyn was aan die pilare gehang. Net soos die gordyn by die hek was dit van linne gemaak, en die kleure was ook wit, blou, pers, en helder rooi. Dit het nog fyner patrone van naaldwerk gehad.

Net die priesters het in die tabernakel tent in gegaan. Elke dag het die priester in die Heilige Plek in gegaan. Die Heilige Plek het drie spesiale meubelstukke gehad. 'N spesiale tafel, wat die toonbroodtafel genoem was, het aan die noorde kant van die Heilige plek gestaan.



Die tafel was van hout gemaak wat oorgetrek was met goud. Dit was versier met goue krone. Daar was ook vier goue ringe aan hom vas gehaak en dit het ook spesiale stokke of draaghoute gehad, sodat die Leviete dit kon saam dra wanneer hulle trek.

Bo op die toonbroodtafel was 'n blou lap. En net soos baie tafels, het die toonbroodtafel bakke en lepels gehad. Bo op die tafel was twaalf ongesuurde brode. Wierook was bo op die twee stapels brood gestrooi.



Die brood herinner ons aan Jesus, want Jesus het gesê “*Ek is die brood van die lewe*”. Die brood herinner ons ook aan die Bybel, want Jesus het gesê, “*die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God*”. Net soos ons elke dag moet eet, so moet ons ook elke dag die Bybel studeer en van Jesus leer, sodat ons kan groei om sterk, gesonde Christene te wees.

Oorkant die toonbroodtafel was die goue kandelaar. Dit het sewe arms gehad en was van een talent goud gemaak wat in die vorm van 'n kandelaar gemaak was. Dit was versier met amandel gevormde kelkies, knoppe en blomme.

Die kandelaar was met olie gevul en het die Heilige Plek verlig. Die priesters mag nooit die lig laat dood gaan nie. Die lig herinner ons aan Jesus, want Jesus het gesê, *“Ek is die lig van die wêreld”*.

Wanneer ons vir Jesus volg dan kan ons ook klein liggies wees.

Ons kan ons liggies laat skyn deur vir ander seuns en dogters en maatjies van Jesus te vertel.



Aan die kant van die Heilige Plek, wat die verste van die deur af is, kry ons die reukaltaar. Dit was van hout gemaak, oorgetrek met goud. Dit was versier met 'n kroon en dit het 'n horing aan elkeen van die vier hoeke gehad.



Elke oggend en aand het die priester reukwerke van soet speserye en wierook daarop gebrand. Die reuk het hulle herinner hoe lieflik dit is om op Jesus te vertrou en om elke dag tot Hom te bid.

Agter die reukaltaar was 'n spesiale voorhangsel. Dit was aan vier pilare gehang. Soos die mure van die tabernakel, was die pilare hout oortrek met goud. Die muur en die pilare het voetstukke gehad wat van silwer gemaak was.



Die spesiale gordyn was aan goue hakkies gehang. Dit het die Heilige Plek geskei van die Allerheiligste Plek. Soos die ander gordyne, was die voorhangsel wit, blou, pers en helder rooi, maar op die een was daar prentjies van engele op geborduur, wat dit nog meer spesiaal gemaak het. Hierdie engele herinner ons aan ons beskerm engel wat Jesus stuur om ons op te pas.

Toe Jesus gesterf het op die kruis om ons te red van ons sondes, was die voorhangsel geskeur van bo tot onder. Omdat ons almal al gesondig het en stout was moes Jesus vir ons gesterf het, sodat daar 'n manier vir ons was om hemel toe te gaan.




Die engele op hierdie spesiale gordyn herinner ons ook aan die drie spesiale engele wat gevind word in die Bybelse boek wat Openbaring genoem word. Daardie engele sê vir ons om Jesus te aanbid wat die wêreld vir ons geskape het. Hulle sê ook vir ons dat “*die uur van sy oordeel het gekom.*” Die oordeel tyd is soos die Versoendag.

Niemand het ooit in die Allerheiligste Plek in gegaan nie behalwe die Hoëpriester. Hy het net eenkeer 'n jaar daar in gegaan op die Versoendag. Op die Versoendag, het die Hoëpriester in die Allerheiligste Plek in gegaan en bloed sewe keer op die versoendeksel gesprinkel. Terwyl die Hoëpriester sy werk in die tabernakel gedoen het moes die mense ook spesiale takies gedoen het.




Jesus is ons Hoëpriester. Wanneer satan sê ons verdien nie die hemel nie, dan sê Jesus hy het gesterf in ons plek. Indien ons waarlik jammer is oor ons sondes, en vir Jesus vra om ons te help om soet te wees, is ons vergewe.

Die Verbondsark en die versoendeksel was die enigste meubels in die Allerheiligste Plek. Die ark was soos n houtboks. Dit was aan die binnekant en buite om oortrek met goud. Daar was n goue kroon versiersel bo-op die ark.



Vier goue ringe was aan die ark gehaak en daar was goud bedekte draaghoute waarmee die ark gedra moes word. Hierdie draaghoute mag nie uitgehaal word nie, want niemand mag aan die ark gevat het nie anders sou hy sterf. Wanneer die priesters die ark gedra het, het hulle dit toe gemaak met 'n spesiale blou lap.

Bo-op die Verbondsark was die versoendeksel. Dit was van suiwer goud gemaak. Aan beide kante van die ark was daar twee goue engele. Hulle was na mekaar toe gedraai en het af na die versoendeksel gekyk.



Bo die versoendeksel is waar God die spesiale lig van Sy teenwoordigheid gesit het, wat gewys het dat Hy met die kinders van Israel was.


Jesus wil ook in jou hartjie kom woon, as jy vir Hom vra om in jou hartjie in te kom.

Die Verbondsark het 'n paar belangrike goedjies in hom gehad. Binne in het jy die wet van God gekry--die Tien Gebooi op klip geskryf, 'n bakkie met die manna in, wat God van die hemel af gestuur het, en Aäron se staf, wat geblom het en amandels gedra het.



Aan die buitekant van die Ark was n spesiale plek vir die boek van die wet. Hierdie goed herinner ons dat ons God se Woord en Sy wet in ons hartjies moet bêre. Aäron se staf wat geblom het herinner ons aan die beloftes in God se Woord -- soos die hoop dat ons weer hulle sal sien wat in Jesus se liefde gesterf het wanneer Jesus kom en ons hemel toe vat.

Die dak van die tabenakel tent was nie heeltemal soos jou huis s'n nie. In plaas daarvan was dit uit vier verskillende lae gemaak. Aan die buite kant was 'n waterdig laag wat van diere velle gemaak was. Binne die laag was 'n ram se vel wat rooi gekleur was.



Die volgende laag was gemaak van bok hare. En die heel onderste laag was 'n mooi gordyn gemaak van fyn linne van wit, blou, pers en helder rooi linne. Net soos die voorhangsel aan die binnekant van die tabernakel so ook was op hierdie gordyn naaldwerk gedoen wat gelyk het soos engele.

God het vir Moses gesê dat die Hoëpriester spesiale klere moet dra wanneer hy in die Heiligdom werk. Net soos die ander priesters het hy 'n wit linnerok gedra met 'n wit linnebroek wat soos 'n kort broek onder dit was.

Bo oor sy wit rok het hy 'n blou mantel gedra met granaatjies en goue klokkies aan die bodem. Die klein klokkies het 'n luidende geluid gemaak wanneer hy gestap het. Hy het ook 'n linne skouerkleed gedra wat amper soos 'n moulose frokkie was en hy het 'n gordel of belt van wit, goud, blou, pers en helder rooi gedra.



Die Hoëpriester het ook 'n spesiale hoed of tulband gedra. Dit was 'n wit linne tulband. Daaraan was verbind 'n blou band met 'n goue plaat met die woorde

daarop *"Heilig aan die Here."*



Die woorde op hierdie spesiale hoed herinner ons dat dit nie saak maak wat ons doen nie, ons moet altyd aan Jesus dink. Wanneer ons met ons vriende speel moet ons soos

Jesus wees. Wanneer ons, ons kos eet moet ons soos Jesus wees. Wanneer ons besluit wat om aan te trek moet ons soos Jesus wees. Wanneer ons, ons dagtakies doen moet ons soos Jesus wees. Ons moet soos Jesus wees enigetyd, elke oomblik en heeldag.


Aan die skouers van die Hoëpriester was twee oniksstene waarop die name van die twaalf stamme van Israel uitgekerf was. Die borstas het vanaf hierdie stene gehang aan goue ketings en blou bande.

Die borstas het twaalf stene op gehad, een vir elke stam van Israel. Dit het ook die Urim en die



Tummim stene gehad wat God gebruik het om met die Israelite te praat. Die 12 spesiale stene herinner ons aan die nuwe Jerusalem wat in die hemel is. Die borstas help ons om te onthou dat al is Jesus nou in die hemel, dink Hy altyd aan ons, en wil Hy hê dat ons saam met Hom moet wees.

Die woestyn heiligdom is 'n prentjie storie om vir ons God se plan te wys om ons van sonde te red en hoe Hy ons wil hemel toe vat een van die dae. Die Bybel sê, “o God, u weg is in [die heiligdom - KJV]. Wie is 'n groot God soos God?” (Psalm 77:14)



Die heiligdom herinner ons aan Jesus se liefde vir ons. Dit herinner ons dat Hy ons so baie lief het dat Hy sal sterf vir ons om ons te red van ons sondes. Ek wil vir Jesus wys hoe baie lief ek vir hom is deur Sy geboorte te hou, wil jy nie?

Stel kinders voor aan elkeen
van die kenmerke van die
heiligdom in die woestyn



Hierdie geïllustreerde boek sal kinders
help om die wonderlike besonderhede
van die heiligdom te ontdek terwyl hulle
meer leer oor die Ontwerper daarvan..

